Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 07 Dec 2017
Page: 26

AVE: 16063.70
Circulation: 41286
Part: 1 of 1



Akani Simbine en Thando Roto in 'n taai wedloop in die 100 m vroeër vanjaar in Potchefstroom. Foto: GALLO IMAGES

# Lekker geelwortel vir Akani en kie

**Wim Pretorius**

Atletiek Suid-Afrika (ASA) sal in Maart 'n nuwe Grand Prix-reeks begin, met altesaam R1,3 miljoen se prysgeld op die spel.

Met dié reeks wil ASA poog om die land se beste atlete te lok om aan plaaslike byeenkomste deel te neem en hulle ook help om slaggereed te wees vir die Statebondspele, wat in April in Australië gehou word.

Dié reeks kan ook 'n trekpleister vir buitelandse atlete wees om litte in Suid-Afrika los te maak.

Die byeenkomste sal by die Ruimsig-stadion in Johannesburg (1 Maart), Tuks se L.C. de Villiers-stadion in Pretoria (8 Maart) en by die Dal Josafat-stadion in die Paarl (22 Maart) gehou word.

> **Ons wil 'n grondslag lê vir komende generasies om deur ons strukture te vorder.**
>
> — ALECK SKHOSANA

"Ons moes met verskeie strategieë vorendag kom om atletiek in Suid-Afrika na 'n hoër vlak te neem as waar dit 'n paar jaar gelede was.

"Ek dink ons begin nou in ons doelwit slaag," het Aleck Skhosana, ASA se president, gister op die bekendstelling gesê.

"Ons sien uit daarna om ons atlete wat meestal oorsee deelneem in hul eie agterplaas in aksie te sien.

"Ons wil 'n grondslag lê vir komende generasies om deur ons strukture te vorder en al hoe ons dit kan doen, is deur atletiek te ontwikkel en sterker te maak."

Atlete soos Akani Simbine, die nasionale rekordhouer in die 100 m, sowel as Anaso Jobodwana, Caster Semenya en Luvo Manyonga sal na verwagting hul slag in die reeks wys.

"Ons kalender vir volgende jaar is heeltemal anders, met die Statebondspele wat in April plaasvind. Gevolglik moes ons ons plaaslike byeenkomste vroeër in die jaar skeduleer sodat ons atlete hul beste peil vir die Statebondspele betyds kan bereik," het Skhosana gesê.

Dié atletiekbaas het ook weer sy versugting uitgespreek dat Suid-Afrika 'n wêreldleier in atletiek moet wees.

"Laat ek dit duidelik stel: Ons wil nie hê Suid-Afrika moet die vyfde beste land in die wêreld in atletiek wees ná die Statebondspele nie.

"Ons wil hê bo almal anders uittroon," het hy bygevoeg.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.